96.1 OVERVAAL STEREO
Jou klank, jou keuse
· KANTOOR: 056 343 2076 · ATELJEE: 056 343 2073/4/5 · FAKS: 056-3432098
Posbus 934 Viljoenskroon 9520 · E-pos: info@overvaalstereo.co.za

MEDIA VERKLARING
6 FEBRUARIE 2019
OVERVAAL STEREO EN ITICKETSSA REIK UIT...

Overvaal Stereo en iTicketsSA het besluit om hande te neem en uit te reik na die tragedie wat Vanderbijlpark getref het, waarin 4 leerlinge aan die Hoërskool Driehoek gesterf het en talle ander beseer is. Talle wat na die mediastorm, wat sal bedaar, steeds hulp sal nodig hê. Vandaar die besluit om elke slagoffers se hande te neem met 'n konsert wat Saterdag 16 Februarie 2019 aangebied word by die Dome in Emerald Resort & Casino, Vanderbijlpark.

Kunstenaars wat dadelik aanboord gekom het vir die projek is as volg: Juanita du Plessis, Ruan Josh, Franja du Plessis, Manie Jackson, Willem Botha, Jo Black en Brendan Peyper.

Kaartjies beloop R100 per persoon en is nou aanlyn beskikbaar by iTicketsSA.

Ons poog om dit so goedkoop moontlik te hou dat die hele gesin dit kan bywoon.

Volgens Ignaz Streicher, is almal wat aan die hoof van reelings van hierdie konsert staan oorweldig deur die spanwerk, die uitrei en die samewerking wat die organiseerders ontvang het. "Hierdie hele konsert is binne 10 ure aanmekaar gesit en gereël, dit is amazing." het Streicher gesê.

Ons het een doel voor oë en dit is, **hoop**. Heel gepas dat Jo Black ingestem het om ook deel van die fondsinsameling te wees, want sy treffer "Bring die hoop weer terug" beskryf presies wat in Suid Afrika gebeur het vandat die tragedie ons land getref het. Mense het net ingespring en begin help, gee en reël. Daar is hoop vir alles en almal. Die land staan soos een man saam.

Ons weet dat die fondse hierna 'n reuse verskil sal maak in die lewens van talle leerders en ouers. Ons nooi Suid-Arika, kom wees deel van die hoop wat geskep word.

Enige media navrae kan gerig word aan Ignaz Streicher by 0825923633.